

RANDJIE NUUS

23 Oktober 2026

NUWE HOOFLIERS VAN 2026/2027

Dit is met groot trots dat ons, ons hoofliers vir 2026/2027 aankondig. Baie geluk aan elkeen van julle met hierdie besondere eer. Mag julle die jaar met integriteit, verantwoordelikheid en toewyding aanpak en 'n positiewe voorbeeld vir julle medeleerders wees. Ons wens julle alle sukses en voorspoed toe en ons sien uit daarna om julle in hierdie belangrike rol te sien groei en lei.



Annika van Helden
Onderhoofdogter

Ingrid-mari Brümmer
Hoofdogter

Mieke Kok
Onderhoofdogter



Waylon Mengel
Onderhoofseun

Graeme Kitching
Hoofseun

Emil Koen
Onderhoofseun

LEIERSKAP

'n Paar dae van opleiding vir ons **nuwe Studenteforum!** Oud-Randjie, Karla van Biljon, het ons meer geleer oor die kernaspekte van leierskap – as individu én as deel van 'n groep. Ons **hoofleiers van 2026** het ook waardevolle wenke en raad met die groep gedeel. Die dag is afgesluit met 'n spraakvaardigheidskursus, aangebied deur **Dr Christo Naudé**, wat ons leerders met vaardighede vir hul rol as jong leiers toegerus het. Wat 'n besondere groep leerders! Ons sien uit om hulle nog beter te leer ken, hul leierskap verder te ontwikkel en te sien hoe hulle diep spore gaan trap.



STUDENTEFORUMKAMP

'n Besondere paar dae van lag, speel, leer en groei! Ons Studenteforum-lede het mekaar beter as groep leer ken, waardevolle insigte oor hul sensoriese profiele gekry tydens 'n sessie aangebied deur **oud-Randjie, Marli Bezuidenhout** en saam aan hul termyn as leiers in 2027 begin beplan. Ons is ongelooflik opgewonde oor hierdie groep jong leiers en die energie, waardes en potensiaal wat hulle na ons skool gaan bring. Graad 8-Randjies van 2027, julle het 'n besondere groep leerders wat julle by die Bloumasjien gaan verwelkom!



STUDENTEFORUM-INHULDIGING 2027

'n Spesiale mylpaal in die leierskapsreis van ons Studenteforum! Ons leerders het amptelik hul baadjies en lapelwaps ontvang en hul erekode onderteken – 'n simboliese verbintenis tot verantwoordelike leierskap, integriteit en diensbaarheid. Mag hierdie leiers hul voorreg met trots dra, deur hul voorbeeld inspireer en 'n blywende positiewe verskil by Hoërskool Randburg maak. Een span. Een visie. 'n Nalatenskap van leierskap!



AKADEMIE

LEWENSWETENSKAPPE GRAAD 10

Ons Lewenswetenskappe graad 10-leerders het onlangs 'n interessante praktiese ondersoek gedoen waarin hulle gekyk het na hoe verskillende pH-vlakke die beweging van oplossings deur die xileem van 'n selderystingel beïnvloed. Dit was 'n lekker praktiese manier om hul kennis toe te pas – en die leerders het dit sommer baie geniet!



WOW SPELFEEES

Twee van ons graad 8-leerders, Daniël Joubert en Hendrik Spies, het Hoërskool Randburg op 3 Oktober 2026 by die WOW Spelfees se landsfinaal in Stellenbosch verteenwoordig!

Die kompetisie het leerders van skole regoor die land teen mekaar laat meeding en ons Randjies het gewys dat hulle tussen die bestes kan staan.

Hendrik Spies het 'n fantastiese **sesde plek** in die graad 8-kategorie behaal. Welgedaan, Hendrik en Daniël, ons is baie trots op julle!



WOW
WOORDE OPEN WÊRELDE



KULTUUR

Malea Avis (gr. 10), Chanita Kruger (gr. 9), Janique Kruger (gr. 11) en Annabelle Kirstein (gr. 10) het op 28 September tot 4 Oktober aan die *Talent Africa* nasionale kompetisie deelgeneem, waar talentvolle deelnemers van regoor Suid-Afrika bymekaargekom het. Ons Randjies het uitmuntend presteer en met besondere uitslae weggestap!

Malea Avis

- Twee diamantmedaljes vir haar twee Drama Open items
- Top 10 – Drama Senior
- Erkenning as senior akteur met die beste teaterteknik



Annabelle Kirstein

- **Dans:**
 - Drie goue medaljes
 - Een Platinum
- **Modelwerk:**
 - Vier goue medaljes
 - Vyf diamantmedaljes
 - Een Platinum
 - Top 10 – Modelwerk
 - Top 10 – Fotografiese modelwerk



Janique Kruger

- 11 Goue medaljes
- Twee diamantmedaljes vir dans, drama, Eisteddfod en modelwerk
- Top 10 – Drama



Chanita Kruger

Chanita het as deel van die *Centare* Kinderkoor vir die Johannesburg-Noord en Alberton streek deelgeneem. Die koor het **Platinum-medaljes** vir sang verwerf, asook 'n **spesiale toekenning** vir die **algehele junior groep** ontvang.



Op pad na die internasionale verhoog - met hierdie besondere uitslae het hierdie Randjies hul plek in die **Suid-Afrikaanse span verdien** en kwalifiseer hulle om aan die volgende internasionale kompetisies deel te neem:

- *Stars of the Universe* – Desember 2026
- Novi Sad, Serwië – 2027
- *Mediterranean Legends* – Spanje / Frankryk / Monaco / Italië – 2027

'n Baie spesiale hoogtepunt wag vir Annabelle Kirstein, wat tydens *Stars of the Universe* haar **Federation National Colours** sal ontvang. Ons is ongelooflik trots op elkeen van hierdie talentvolle Randjies.



EISTEDDFOD



**KIAN BENADE
VAN NIEKERK
GRAAD 11**

Kian neem aan die Sentraal-Gauteng eisteddfod deel en ontvang nege A++'e en een A. Hy word ook as kategoriewenner vir sy eie keuse instrumentele *duet* aangewys.

Hy word ook as die veelsydigste leerling en algehele instrumentele wenner van die fees aangewys.



**DANIELLE MARAIS
GRAAD 8**

Danielle neem aan die *Con Spirito Forte* Eisteddfod deel en behaal 16 A++'e en 2 A+'s vir haar prosa, poësie en monoloë. Sy is ook as itemwenner vir haar onvoorbereide advertensie en *Prescribed Poetry* aangewys. Danielle neem ook aan die Sentraal-Gauteng eisteddfod deel waar sy twee A++'e behaal.

Ilana neem aan die *NEA* deel en behaal drie diplomas en een goud vir haar kunswerk, *linocut*, olieverf en *mixed media* kuns.



**ILANA VAN DEN BERG
GRAAD 11**

Carli neem aan die Sentraal-Gauteng eisteddfod deel. Hier verwerf sy sewe A++'e vir haar instrumentele items in dwarsfluit en blokfluit.

**CARLI COETZEE
GRAAD 10**

Larissa neem aan die Sentraal-Gauteng eisteddfod deel waar sy 'n A++, 'n A+ en 'n B vir haar vioolitems ontvang




**LARISSA BOUWER
GRAAD 11**

Keira neem aan die *Del'Arte* eisteddfod deel. Sy verdien vyf A++'e-sertifikate in die *Model* foto's-kategorie en twee A+-sertifikate in die *Model Runway* kategorie.

Sy is dan ook 'n kategoriewenner vir *Model* foto's en verdien 'n spesiale toekenning by die gala-aand van 4 September.



**KEIRA BESTER
GRAAD 11**





**MIA CUMMINS
GRAAD 10**

Mia neem aan die *NEA* deel en ontvang 'n diploma vir haar Afrikaanse Liriese Poësie en 'n goud vir haar Afrikaanse Dramatiese Monoloog.



Matthew neem aan die *Con Spirito* Eisteddfod se Nasionale Forte rondte deel. Hier behaal hy 'n A++ vir sy onvoorbereide redenaars-toespraak.

Matthew neem ook aan die *NEA* deel en ontvang 'n diploma vir beide sy Afrikaanse Ensemble Poësie en sy Afrikaans Oorredings-toespraak.



**MATTHEW CUMMINS
GRAAD 8**

Emma Belle neem aan die *Kaleidoscope of Dance* kunstefees deel. Hier verwerf sy sewe *Gold Plus* toekennings en drie *Gold* toekennings vir haar balletitems.



**EMMA BELLE VAN
DER MERWE
GRAAD 11**



**KARLA FOURIE
GRAAD 10**

Karla neem aan die *NEA* waar sy twee diplomas vir haar poësie en monoloog ontvang.

Karla word ook as 'n itemwenner in die gedramatiseerde poësie-kategorie aangewys.



**MALEA AVIS
GRAAD 10**


Leanie neem aan die *Kaleidoscope of Dance* kunstefees deel en behaal twee *Gold Plus* toekennings en een *Silver Plus* toekenning vir haar dansitems.



**LEANIE SMIT
GRAAD 9**

Malea neem aan die *NEA* deel en ontvang twee goud vir haar fotografie en ballet. Sy ontvang verder ses diplomas vir haar visuele kuns, poësie en monoloë.

Malea het ook aan die *Talent Africa* Kunstefees deelgeneem waar sy twee Diamond medaljes vir haar drama-items ontvang het. Sy word ook raakgesien as die akteur met die beste teatertegniek.



DANS

Ané neem aan die *AFSA Bursary Awards* deel waar sy 'n vierde plek behaal.

Ané neem ook aan die *ADA* deel, behaal drie *Ultimate Gold*, een *Gold* en een *High Silver* vir haar akrobatiese items.

Ané is ook amptelik deel van die Suid-Afrikaanse akrobatiese span wat later hierdie jaar in Pole aan die *IDO World Champions* gaan deelneem.




**ANÉ BIRKENSTOCK
GRAAD 9**



**JANIQUE KRUGER
GRAAD 11**

Janique neem aan die *Dance Waves International Dance Competition* se Suid-Afrikaanse kompetisie deel. Hier behaal sy twee, tweede plekke en een eerste plek vir haar dansitems.

Hiermee word sy tot die internasionale span verkies wat Suid-Afrika in 2027 in Nederland en België gaan verteenwoordig.



Kara is amptelik deur *SABOD* as deel van die Suid-Afrikaanse Junior danssportspan ingehuldig.

Hulle neem in November aan die *IDO World Championships* in Slovenië deel.



**KARA BEHRENS
GRAAD 10**



BASEDAG

Gelukkige Basedag aan ons skool se bestuurspan! Ons wil graag ons opregte waardering uitspreek vir die span wat agter die skerms leiding gee, besluite neem en elke dag aan die toekoms van ons skool help bou. Dankie vir julle visie, toewyding en harde werk. Dankie dat julle rigting gee, uitdagings aanpak en saam met ons werk om Hoërskool Randburg 'n plek te maak waar ons leerders kan groei, droom en presteer. Ons weet dat leierskap nie altyd maklik is nie, maar ons waardeer die passie, verantwoordelikheid en hart waarmee julle die rol vervul. Vandag vier ons julle – die mense wat help om die Randjie-droom 'n werklikheid te maak! Mag julle altyd weet dat julle werk raakgesien word, julle bydraes waardeer word en julle leiding 'n verskil maak.



TROMSLAE KOMPETISIE

Op 21 September 2026 het ons tromspelers, **Pieter Steyn, Zander Ross, Gibian Cotty (al drie gr. 10) en Liam Benade van Niekerk (gr. 12)**, aan die *National Bothners Fastest Hands Drumming Competition – High School Edition*, aangebied deur Bothners West Rand, deelgeneem. Die uitdaging? Om te kyk hoeveel enkelhoue 'n speler met tromstokkies binne 60 sekondes op 'n elektroniese tromblad kan slaan en ons Randjies het behoorlik gewys wat hulle kan doen!

- ★ Pieter Steyn: **901 enkelslae**
- ★ Zander Ross: **878 enkelslae**
- ★ Liam Benade van Niekerk: **783 enkelslae**
- ★ Gibian Cotty: **761 enkelslae**

Wat 'n ongelooflike kombinasie van spoed en konsentrasie! Die wenner van die landswye skolekmpetisie word in Oktober aangekondig. Ons hou duimvas, Manne!



KLAVIER

Baie geluk aan **Ruan Visser (gr. 12)** wat **90%** vir sy graad 8-Unisa klaviereksamen gekry het! Hy is uitgenooi om aan die Unisa beurskmpetisie deel te neem. Dit is n baie groot prestasie en daar was **slegs tien deelnemers van oor die hele land**. Ons is baie trots op jou! Jy het voorwaar Hoërskool Randburg en die magneetskool laat skitter met jou prestasies deur jou skoolloopbaan.



KOOR

Ons **Randjiekoor** het op 7 Oktober hul laaste konsert vir die jaar aangebied. Die Galakonsert en Prysuitdeling, wat by Fontainebleau Gemeenskapskerk gehou is, was waarlik 'n spoggeleentheid. Met pragtige sang en kosbare herinneringe aan die afgelope koorjaar, is daar op 'n besondere wyse teruggekyk na 'n jaar vol musiek, groei en saamwees. Die aand het egter ook 'n emosionele oomblik ingehou toe daar met groot hartseer van ons matriekkoorlede en hul ouers afskeid geneem is. Julle het 'n besondere plek in die Randjiekoor se geskiedenis en sal altyd deel van ons koorfamilie bly.

Toekennings van die aand:



Sopraan van die jaar:
Jana Greyling



Alt van die jaar:
Shané le Roux



Bas van die jaar:
Armand Kriel



Tenoor van die jaar:
Francois le Roux



Hoofseun: Benjamin Schoeman
Hoofdogter: Aliza de Beer



Roerder van die jaar:
Mia-Lie Jansen van Rensburg



Hoofseun 2027:
Emil Koen

Hoofdogter 2027:
Mia-Lie Jansen van Rensburg

Graag bedank ons vir **Ruan Visser** wat in 2026 deel van ons begeleidingspan was. Ruan, dankie vir jou tyd en energie, dankie dat jy saam met ons gaan toer het en by elke optrede was. Ons gaan jou baie mis volgende jaar. Mag dit met jou baie goed gaan.



Ons koor het op 22 September aan die Jan Celliers Kooreisteddfod deelgeneem en 'n **indrukwekkende 94%** behaal. Hulle stap weg met 'n diploma vir hul program van drie liedere. Ons is ongelooflik trots op elke koorlid se harde werk en toewyding.



SPORT

RUITERSPORT

Baie geluk aan **Mareli Wassermann** (gr. 12) wat aan die SANESA-kompetisie deelgeneem het.

Mareli het **sewende** uit 15 deelnemers geëindig en haar span, Gauteng A, het die **eerste plek** in die spankompetisie behaal!

Ons is baie trots op jou, Mareli!
Knapgedaan!




RUGBY

Baie geluk aan **Attie Lamprecht** (gr. 9) en **Christiaan Kemp** (gr. 10), wat gedurende die Oktober-skoolvakansie aan die jaarlikse IPT-rugbytoernooi deelgeneem het! Die toernooi is by Barnardstadion in Kempton Park aangebied, met die Valke as gasheer. Die spanne het teen die Blou Bulle, Valke, KZN-Noord en KZN-Suid kragte gemeet.

Attie Lamprecht is ná uitstekende vertonings tydens die Goue Leeus-proewe as een van 24 spelers in die o. 15 Goue Leeus IPT-span gekies. Hy het in die nommer 13-trui uitgedraf en saam met sy spanmaats **die toernooi gewen** nadat hulle die Blou Bulle met 31-15 in die eindstryd geklop het!

Christiaan Kemp het ook as deel van die o. 16-span aan die IPT-toernooi deelgeneem. Die span het onder meer 'n goeie oorwinning van 43-5 teen KZN-Noord behaal en die toernooi in die **vierde plek** afgesluit. Baie geluk aan albei spelers met die geleentheid om hul rugbytalent op hierdie vlak ten toon te stel. Ons is trots op julle!



NAELLOOP/ROEI

Daniel van Eeden (gr. 11) het van 16 tot 20 September aan die gesogte *Olympic Hopes* kompetisie in Bratislava, Slowakye, deelgeneem. Daniel het aan die 1 000 m, 5 000 m en sy minder gewilde 500 m-naelloopitems deelgeneem. Hy het **tweede** in sy 1 000 m-uitdun geëindig en 'n sewende plek in die C-finaal behaal. In die 5 000 m het Daniel besondere deursettingsvermoë en karakter getoon. Nadat hy in die eerste rondte geval het, het hy steeds aangehou om die wedren te voltooi. Dit is hierdie vasberadenheid wat ware sportmanskap weerspieël! Die kompetisie was 'n besondere voorreg en belewenis, met atlete uit meer as 40 lande wat hul talent op internasionale vlak kom meet het. Daniel rus egter nie op sy louere nie en is reeds hard aan die werk ter voorbereiding vir volgende jaar. Sy doelwit is om vir die Junior Naelloop- en Marathonwêreldkampioenskappe te kwalifiseer.



Baie geluk aan **Annabelle Kirstein (gr. 10)** wat gedurende die September-skoolvakansie aan die SAARA Nasionale Luggeweerkampioenskappe deelgeneem het! Annabelle het uitstekend gevaar en die volgende prestasies behaal:

- **Tweede plek:** 3P-posisie individueel o. 16
- **Tweede plek:** 10 m staan individueel o. 16
- **Eerste plek:** 10 m staan gemengde span o. 16 (seuns en meisies)
- **Volkaart:** 3P-lêposisie

As verdere erkenning vir haar prestasies het Annabelle ook haar **SAARA nasionale kleure** ontvang.

Ons is trots op jou, Annabelle! Baie geluk met hierdie uitmuntende prestasies. Mag daar nog vele hoogtepunte op jou pad wees!

LUGGEWEER



SWEM

Die Suid-Afrikaanse kortbad-swemkampioenskap is van 24 tot 27 September 2026 te Pietermaritzburg gehou. Hier het **Thomas Pretorius (gr. 11)** die ongelooflike geleentheid gehad om teen Olimpiese en Statebondatlete op die hoogste vlak mee te ding. Hy het aan agt items deelgeneem en het in sewe daarvan nuwe persoonlike beste tye geswem — altesaam 'n verstommende 14 sekondes vinniger! Sy 26ste plek in die 200 m-borsslag en 43ste plek in die 100 m-borsslag is 'n merkwaardige prestasie gemeet aan die atlete en ouderdom waarteen hy meegeding het. Hy het reeds vir die *SA Youth Championship* gekwalifiseer wat in Maart 2027 plaasvind. Baie geluk, Thomas!



Wat 'n ongelooflike begin vir die swemseisoen! **Ruben en Luandre Sutherland (albei gr. 8)** het met hulle skitterende vertonings by die eerste somer CGA-gala van 2026 gehad. Baie geluk, julle het die water behoorlik laat spat en fantastiese resultate behaal:

Ruben Sutherland

- ⇒ 50m-borsslag: **Eerste plek** (Tyd: 35.72s)
- ⇒ 200m-borsslag: **Eerste plek** (Tyd: 2:51.19)
- ⇒ 100m-vrslag: **Eerste plek** (Tyd: 1:03.09)

Luandre Sutherland

- ⇒ 50m-borsslag: **Tweede plek** (Tyd: 35.84s)
- ⇒ 100m-vrslag: **Tweede plek** (Tyd: 1:03.93)

**Persoonlike beste (PB's) tye in alle items.
Hou so aan!**



GHOLF

Vier van ons Randjie-gholfers, **Stefan Jooste, Bion Meyer, Ruan Fouchee en Ben Aucamp**, het op 18 Oktober aan die Randpark Junior Kampioenskappe deelgeneem.

Ten spyte van 'n baie warm en lang dag het al vier spelers goeie rondtes behaal en waardevolle ervaring opgedoen.

Welgedaan, Randjies!



Franco Colin (gr. 11) het die Wesrand Gholfspan by die SA Interprovinciale Hoërskole-gholftoernooi verteenwoordig wat van 27 tot 30 September in Mbombela, Nelspruit plaasgevind het. Die toernooi het spelers van verskillende provinsies teen mekaar laat meeding en het oor drie dae gestrek. Die Wesrand-span het sterk afgeskop met 'n derde plek, maar aanhoudende, gietende reën het die spel deurgaans bemoeilik.

Die span het uiteindelik die toernooi in 'n sterk **vyfde plek** afgesluit. Ten spyte van die gure weer en uitdagende toestande was dit 'n ongelooflike ervaring vir al die spelers. **Welgedaan, Franco!**



Hoërskool Randburg se gholfers het hul tweede rondte van die Sentraal-Gauteng Gholfliga gespeel en ons spanne het uitstekend gevaar.


Randburg A-span

Die **A-span** het by Ruimsig Gholfbaan teen Hoërskool Monument, Randpark High en Waterstone College meegeding. Hulle het uitstekend gevaar en die rondte as weners met 44 punte afgesluit!

Randburg B- en C-spanne

Die **B- en C-spanne** het by Randpark Gholfbaan teen Northcliff High te staan gekom. Randburg B het koning gekraai en die rondte met 38 punte gewen!

Randburg C het ook hul staal gewys en 'n welverdiende **derde plek** met 17 punte behaal. Baie geluk aan al ons gholfers en afrigters met hierdie puik prestasies! Ons is trots op julle en sien uit na die res van die seisoen.



ATLETIEK

Randjiesatlete het op 25 September aan die **Noord vs Suid atletiekbyeenkoms** in die Paarl deelgeneem en ons is ongelooflik trots op ons Randjies wat uitstekende prestasies gelever het! **Ons atlete wat 700+ ASA-punte behaal het:**

- ✦ **Megan Teague** – 700 punte (Gewigstoot)
- ✦ **Matthew Butcher** – 711 punte (200 m) en 715 punte (100 m)
- ✦ **Adriaan Gouws** – 733 punte (Gewigstoot)
- ✦ **Edgar van der Spoel** – 744 punte (1500 m) en 811 punte (3000 m)
- ✦ **Leah Daniels** – 748 punte (400 m) en 800 punte (200 m)
- ✦ **Anja Diedericks** – 750 punte (Gewigstoot)
- ✦ **Megan Teague** – 762 punte (Diskus)
- ✦ **Dianay Roestoff** – 768 punte (Gewigstoot)
- ✦ **Leane Grobler** – 828 punte (3000 m)
- ✦ **Gustaf de Lange** – 880 punte (Hoogspring)

- ✦ **Erik Breedt** – 708 punte (3000 m)
- ✦ **Giselle Engelbrecht** – 715 punte (Gewigstoot)
- ✦ **Eduan Visser** – 739 punte (3000 m)
- ✦ **Danalee Nothnagel** – 746 punte (200 m) en 761 punte (100 m)
- ✦ **Nardus Breedt** – 749 punte (1500 m) en 826 punte (3000 m)
- ✦ **Carolien van Zyl** – 754 punte (Diskus) en 841 punte (Gewigstoot)
- ✦ **Daniel Nienaber** – 768 punte (3000 m)
- ✦ **Catherine Anderson-Kriel** – 790 punte (Hoogspring)
- ✦ **Annabelle Schutte** – 833 punte (100 m)



Ons Randburg-atlete het die naweek van 9 en 10 Oktober puik tydens die **Elardus Erasmus-byeenkoms** in Naboomspruit presteer. Die volgende atlete het uitstekende prestasies behaal en meer as 750 punte op die ASA-puntetabel aangeteken:

- ✦ **Megan Teague** – Diskus: 871 punte
- ✦ **Megan Kleynhans** – 3000 m: 805 punte | 800 m: 775 punte
- ✦ **Leah Daniels** – 200 m: 787 punte | 400 m: 757 punte
- ✦ **Lea van Heerden** – 400 m-hekkies: 769 punte
- ✦ **Lianke Kotze** – 800 m: 755 punte
- ✦ **Chante Brough** – 100 m: 767 punte
- ✦ **Gustaf de Lange** – Hoogspring: 830 punte
- ✦ **Marno White** – Diskus: 827 punte | Gewigstoot: 820 punte
- ✦ **Cairol Mabhide** – 400 m-hekkies: 788 punte
- ✦ **Adriaan Gouws** – Diskus: 761 punte

- ✦ **Annabelle Schutte** – 100 m: 850 punte
- ✦ **Catherine Anderson Kriel** – Hoogspring: 790 punte
- ✦ **Dianay Roestoff** – Gewigstoot: 777 punte
- ✦ **Lia Gouws** – Gewigstoot: 755 punte
- ✦ **Carolien van Zyl** – Gewigstoot: 812 punte
- ✦ **Danalee Nothnagel** – 100 m: 758 punte | 200 m: 751 punte
- ✦ **Pieter Steyn** – Gewigstoot: 828 punte | Diskus: 791 punte
- ✦ **Machnus van der Merwe** – 110 m-hekkies: 798 punte
- ✦ **Nardus Breedt** – 1500 m: 774 punte
- ✦ **Edgar van der Spoel** – 1500 m: 760 punte

Baie geluk aan al ons atlete met hierdie puik prestasies! Ons is trots op julle harde werk en toewyding. Julle hou Randburg se naam hoog!





BIATHLE / TRIATHLE / LASER RUN

Megan Kleynhans (gr. 10), het op 3 Oktober 2026 aan die UIPM *African Continental Laser Run* Kampioenskappe in Kaapstad deelgeneem. Megan het uitstekend presteer en 'n **eerste plek** in die Dogters o.17-afdeling behaal! Sy is tans die 2026 Suid-Afrikaanse *Laser Run*-kampioen én die Afrika *Laser Run*-kampioen vir Dogters o.17. Megan is ook die Suid-Afrikaanse o.17-dogters *Triathle* **kampioen** en maak haar gereed vir die volgende groot uitdaging.



Sy neem einde Oktober 2026 aan die UIPM *Biathle*-, *Triathle*- en *Laser Run*-wêreldkampioenskappe in Funchal, Madeira, Portugal deel.

Ons is ongelooflik trots op Megan en haar besondere prestasies. Ons hou styf duim vas vir die komende wêreldkampioenskappe! Sterkte, Megan! Ons staan agter jou!

good luck!

FIETSRY

Tydens die *CycleLab* fietsryreeks se 2026-prysuitdeling op 22 September het **Evan Naudé (gr. 10)** 'n welverdiende trofee vir **eerste plek** in sy ouderdomsgroep oor die volledige 2026-reeks ontvang. Daarby is die top drie ryers in elke ouderdomskategorie genooi om hul provinsie tydens die nasionale finaal te verteenwoordig. Evan het tydens 'n spesiale spoggeleentheid op 14 September sy **Gauteng-trui** ontvang – 'n besondere prestasie! Evan, baie geluk met jou fantastiese fietsryprestasies. Ons is ongelooflik trots op jou en alles wat jy deur harde werk, toewyding en deursettingsvermoë bereik het!



Baie geluk aan ons Randjie-fietsryspan wat op 2 en 3 Oktober die uitdagende Nasionale Finaal baan by die Coetzenburg-sportkompleks in Stellenbosch met vasberadenheid en deursettingsvermoë aangepak het. Ons ryers het met ongelooflike hart en gees gewys waartoe 'n Randjie in staat is! **Erik Breedt (gr. 12)** en **Reinhardt Strydom (gr. 11)** het albei dae onder die top 30 geëindig. Ons is baie trots op elkeen van julle wat ons skool verteenwoordig het. Julle harde werk, toewyding en spangees maak ons trots om julle Randjies te noem!




SKUTS

Die SANSSU SA's is van 27 September tot 1 Oktober 2026 in Bloemfontein aangebied, met skuts van regoor Suid-Afrika wat in verskillende skietklasse meeding het. Die kompetisie het onder meer nege Presisie-, 283 Sporter-, 88 Pistoal- en 54 Veer-skuts ingesluit. Ons Randjies het hul staal gewys en met uitstekende prestasies huis toe gekom:

Annabelle Kirstein

- **Brons medalje** – Beste 10 m Staas, Presisie o. 16
- **Brons medalje** – Beste algehele individuele Presisie, o. 16
- Enkel-voltalkaart



Liane Albert

- 58ste – Sporter o. 16
- **Neil Knoesen**
- 63ste – Sporter o. 16
- **Minay Van der Merwe**
- 66ste – Sporter o. 16
- **Karien Botha**
- 80ste – Sporter o. 16
- **Etienne Van der Merwe**
- 19de – Sporter o. 21
- Enkel-voltalkaart

Chantal Van der Bank

- **Brons medalje** – Beste aflos (600), Pistoal o. 21 individueel
- **Brons medalje** – Beste algehele (1200), Pistoal o. 21 individueel
- **Silwer medalje** – Wenspan, Pistoal o. 21
- **Goue medalje én wisseltrofee** – Algehele wenprovinsie, Pistoalklas
- Is ook met haar **SANSSU-klere** vereer

'n Spesiale prestasie is dat **Chantal van der Bank** en **Etienne van der Merwe** as **kapteine** van die GSSU-span tydens hierdie SA's opgetree het. Ons is ongelooflik trots op elke Randjie wat deelgeneem het. Julle toewyding, dissipline en harde werk is 'n ware inspirasie! Baie geluk, Randjies! Julle laat Hoërskool Randburg met trots skiet!



TENNIS

Ons **tennisdogters** het hul ligawedstryde teen Brescia House gespeel. Ons **A-span** het 'n puik wedstryd gespeel en stap met 'n indrukwekkende 42-21-oorwinning van die baan af! Ons **B-span** het tot die einde toe aangehou veg en waardevolle wedstrydervaring opgedoen. Ons is trots op elke dogter wat op die baan alles gegee het! Julle maak ons trots!



Ons **dogters A-span** en **seuns C-span** het van 9 tot 11 Oktober 2026 aan die ATKV Buffelspoort tennistoernooi deelgeneem waar nege skole kragte gemeet het.

- **Dogters-A-span:** Die dogters eindig eerste in hul groep en **wen** daarna oortuigend teen Hoërskool Eldoraïne in die finaal om as **toernooiweners gekroon** te word!
- **Seuns-C-span:** Die seuns eindig vyfde in hul groep en uiteindelik **tiende** algeheel.

Baie geluk aan al ons spelers! Ons is trots op julle toewyding en prestasies. Julle het Randburg se naam hoog gehou!



DOGTERS LAASTE LIGAWEDSTRYDE

Ons **tennisdogters** het hul laaste liga-wedstryde vir die jaar teen Bryanston gespeel. Bryanston het met die oorwinning weggestap, maar ons is trots op ons dogters se harde werk, deursettingsvermoë en toewyding deur die seisoen.

Dankie, Dogters, vir julle gees en elke keer se beste poging op die baan! Ons sien uit na wat volgende jaar inhou.



SEUNS LAASTE LIGAWEDSTRYDE

Ons **seuns-B-span** het Vrydag hul laaste ligawedstryd teen Randpark se A-span gespeel en met 'n **6-3-oorwinning** van die baan af gestap!

Dankie vir julle harde werk en deursettingsvermoë deur die seisoen. Ons is trots op julle!



RITMIESE GIMNASTIEK

Hoërskool Randburg is ongelooflik trots op **Kayla du Preez (gr. 10)** en haar uitsonderlike prestasies in ritmiese gimnastiek gedurende 2026. Kayla het deur die loop van die seisoen puik presteer en verskeie tweede plekke behaal voordat sy haar talent op die grootste verhoog gewys het.

Gauteng-kampioenskap

- **Eerste plek** – Algeheel
- **Tweede plek** – *Freedance*
- **Eerste plek** – Bal
- **Eerste plek** – *Knots*

Kayla is gekroon as die 2026 Gauteng-kampioen vir Vlak 7, dogters ouer as 15 jaar.

Suid-Afrikaanse kampioenskap

- **Eerste plek** – Algeheel
- **Eerste plek** – *Freedance*
- **Eerste plek** – Bal
- **Tweede plek** – *Knots*

Met hierdie puik prestasie word Kayla as die 2026 Suid-Afrikaanse kampioen vir Vlak 7, dogters ouer as 15 jaar gekroon. **Welgedaan, Kayla! Jy maak ons trots!**



NETBAL - SUPERLIGA

Baie geluk aan vier van ons o. 16-netbaldogters, **Danicke van Biljon, Eldenè Viljoen, Imcke Nel en Lizey van Pletzen** (almal in gr. 10), wat deel van die *Northgate Falcons* se Superliga o. 17-span vorm.

Die span het uitstekend presteer, vir die Superliga-finaal gekwalifiseer en die seisoen op 'n hoogtepunt afgesluit deur **goud** te verower. 🏆

Ons is ongelooflik trots op julle en hierdie fantastiese prestasie. Mooi so!



KRIEKET

Baie geluk aan die volgende Randjies wat tot die **JHB-Noord-krieketspanne** verkies is.

Dogters o. 16

- Alyssa Edwards
- Stefanie Viviers

Seuns o. 16

- Joshua Swart
- Ruvan Linde

Dogters o. 19

- Abigail Jacobs
- Zani Jacobs
- Carina de Bruyn

Seuns o. 19

- Leonardo Carreira
- Kael Farquhar
- Kyle Cameron

Seuns o.15

- Andrew Holmes
- Tiaan-Rick Swanepoel
- Okhuhle Zato



ALYSSA

ABIGAIL

ANDREW

LEONARDO

RUVAN

OKHUHLE

ZANI



CARINA

STEFANIE

TIAAN-RICK

JOSHUA

KYLE

KAEL

Welgedaan aan die volgende leerders wat verkies is tot die **Lions Provinsiale Krieketspanne**:

Andrew Holmes – Seuns o. 15
Alyssa Edwards – Dogters o. 16
Kael Farquhar – Seuns o. 17



Ons is ongelooflik trots op julle en wens julle alle sterkte toe!



ANDREW

ALYSSA

KAEL

SEUNSKRIEKET

Ons seunskrieketspanne het op verskeie dae in die week teen Helpmekaar kragte gemeet.

O. 15 B-SPAN

7 Oktober
Randburg: 136/8
Jaco Botha: 35 lopies
MJ van der Merwe: 36 lopies
Helpmekaar: 138/4
Uitslag: Helpmekaar wen met ses paaltjies.

O. 14-SPAN

10 Oktober
Randburg: 70 almal uit
Helpmekaar: 73/4
Uitslag: Helpmekaar wen met ses paaltjies.

EERSTE SPAN TEEN HELPMEKAAR SE TWEDE SPAN

Randburg: 273/9
Leo Carreira: 107 lopies
Keanu Gerber: 48 lopies
Helpmekaar: 104 almal uit
Keanu Gerber: 5 paaltjies vir 20 lopies
Uitslag: Randburg **wen** met 171 lopies!
Baie geluk aan Leo Carreira met sy uitstekende honderdtal en Keanu Gerber met sy puik bouldertoning.

MEISIESKRIEKET

Ons krieketdogters het 'n uitstekende oorwinning teen Hoërskool Florida behaal!

Randburg het eerste gekolf en 110/9 in hul 20 beurte aangeteken.

Met die bal het ons boulders uitstekend gevaar en Florida se kolwers onder groot druk geplaas.

Florida is vir 65 lopies uitgeboul, wat Randburg aan 'n welverdiende 46-lopie oorwinning besorg het.

Uitblinkers met die bal:

Leah van Zyl – 1/15
Isabel du Raan – 2/9
Arista van der Sandt – 2/4
Elané Louw – 1/5
Lize-Marie Raubenheimer – 1/5

Beste kolwer:

Tayla Weideman – 21 lopies

'n Puik spanprestasie met sterk bouldwerk en waardevolle bydraes met die kolf. Baie geluk aan die span!

BRAVO!

O. 14 B-SPAN

Helpmekaar: 260/3
Randburg: 70 almal uit
Uitslag: Helpmekaar wen met 190 lopies.



O. 15-SPAN

Randburg: 134
Tinus Otto: 66 lopies
Helpmekaar: 136/2
Uitslag: Helpmekaar wen met agt paaltjies.





Ons **Hoërskool Randburg-dogters-B-span** het teen Hoërskool Driehoek se A-span kragte gemeet.

Driehoek het eerste gekolf en 'n totaal van 274/2 aangeteken. **Leah van Zyl** het met die bal twee paaltjies vir 30 lopies geneem en ook met die kolf 21 lopies aangeteken. **Caylee Lipnicki** het 'n bydrae van 16 lopies gelewer.

Randburg kon ongelukkig nie die teiken haal nie en is vir 74 lopies uitgeboul.

Baie dankie aan ons dogters vir hul insette en deursettingsvermoë. Ons leer uit elke wedstryd en bou voort op elke ervaring!



Ons **Dogterskrieket-A-span** het 'n **puik oorwinning** teen Linden **behaal!**

Linden teken 84 lopies aan vir die verlies van **agt** paaltjies, met Alyssa Edwards wat met **vier** paaltjies vir slegs **nege** lopies uitblink!

Randburg het die teiken suksesvol gejaag en 85 lopies vir die verlies van vier paaltjies aangeteken om die wedstryd met **ses** paaltjies te wen. Baie geluk aan ons dogters met hierdie uitstekende spanprestasie. Ons is trots op julle!



NETBAL FAST FIVE SA'S

Na twee harde dae van intense wedstryde het ons Randjies-netbal *Fast 5* uitstekend by die SA's gevaar!

Groepswedstryde:

- Verloor teen Rustenburg: 11-18
- Verloor teen Monnas: 17-40
- Gelykop teen Framesby: 19-19
- Wen teen Milnerton: 27-14
- Wen teen Ben Vorster: 28-15
- Wen teen Trio: 25-14

Well done!

Ons eindig **derde** in ons groep en kwalifiseer vir die 9de-16de posisie uitspeelrondes.

Kwartfinaal:

Verloor in die laaste paar sekondes 27-29 teen Jan van Riebeeck.

Semifinaal:

- Wen Fatima 31-28.

Finaal om 13de/14de plek:

- Wen Jim Fouché 21-13.

Ons o.18's eindig 13de in Suid-Afrika!




U/18 Fast 5 RESULTS

1	MONNAS
2	GARSFONTEIN
3	POTCH GIM
4	PAREL VALLEI
5	RHS
6	POTCH VOLKIES
7	MENLO WIT
8	DESPATCH
9	WITTEBERG
10	MHS BLITZ
11	TRANSVALIA
12	JAN VAN RIEBEECK
13	RANDBURG
14	JIM FOUCHE
15	FATIMA
16	BEN VORSTER





KLereBANK

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

LO-Klere en sweetpakke slegs by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie! Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorraine Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15
(WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings
alleenlik
na 14:00**

RANDJIE GEBEDSWAG

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.

CSV

**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in
SAU. Almal is welkom!**



PARKERING


Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders 'gou-gou' op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal**. **Prosedure:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrolle is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

Algemene reëls vir parkering:

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrolle herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.



ADVERTENSIES

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOÛRSKOOI RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.



MEDCELLENT
MENTORING SERVICES



MENTOR TOT MEDIES

Mediese Shadowing

Aansoeke

Tutoring

Vaardighede

Biologie

Fisiese Wetenskap

Wiskunde

JAAG JOU DROOMLOOPBAAN NA!

BEPERKTE SPASIE BESKIKBAAR! →

 **079 364 5467**

 **info.medcellent@gmail.com**

Booked your holiday?

Now book theirs

Individual Suites & Gardens





 **Lammermoor Conservancy**
25 Kms from Randburg

 **catteryinthecountry.co.za**

 **060 364 3572** |  

LUXURY CAT BOARDING



Wiskunde en WETENSKAP HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte (Definisies, Verbindings en lone)
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle



Alles wat jy nodig het om 'n
SUKSES van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:
R370!!

www.wenwetenskap.co.za





Texan Butchery
Best in the West!
QUALITY MEAT • GREAT VALUE • REAL PEOPLE

BILTONG ROEBREWERS DROE WORS

Texan Butchery
But in the West!
www.texanbutchery.co.za

BEST QUALITY MEAT IN TOWN

WhatsApp: 072 671 1202

TEXAN BUTCHERY
RANDBURG

SPECIALS THAT BRING VALUE HOME!

WORS, MINCE & PATTIES SPECIAL

R99,99
PER KG

HAMPER SPECIALS

SMALL PACK

500g Tex Wors
500g Lamb Chops
500g Beef Goulash
500g Beef Stew
500g Lamb Stew
500g Chicken Stir Fry
500g Chicken Drumsticks
500g Tex Wings
500g Lean Beef Mince
500g Chicken Fillet
500g Pork Lion Chops
500g Sirloin
500g Beef Patties

R855,75

MEDIUM PACK

1kg Tex Wors
1kg Lamb Chops
1kg Beef Goulash
1kg Beef Stew
1kg Lamb Stew
1kg Chicken Stir Fry
1kg Chicken Drumsticks
1kg Tex Wings
1kg Lean Beef Mince
1kg Chicken Fillet
1kg Pork Lion Chops
1kg Beef Patties
1kg Sirloin

R1 685,25

LARGE PACK

1,5kg Tex Wors
1,5kg Lamb Chops
1,5kg Beef Goulash
1,5kg Beef Stew
1,5kg Lamb Stew
1,5kg Chicken Stir Fry
1,5kg Chicken Drumsticks
1,5kg Tex Wings
1,5kg Lean Beef Mince
1,5kg Chicken Fillet
1,5kg Pork Lion Chops
1,5kg Beef Patties
1,5kg Sirloin

R2 530,05

SAVER PACK

2kg Chicken Fillets
2,6kg Full Chicken
2kg Chicken Drumsticks
1kg Beef Sirloin
1kg Beef Steak
2kg Beef Mince
2kg Pork Chops
2kg Tex Wors
1kg Beef Patties
2kg Lamb Shoulder Chops

R2 021,25

X-LARGE PACK

2kg Tex Wors
2kg Lamb Chops
2kg Beef Goulash
2kg Beef Stew
2kg Lamb Stew
2kg Chicken Stir Fry
2kg Chicken Drumsticks
2kg Tex Wings
2kg Lean Beef Mince
2kg Chicken Fillet
2kg Pork Lion Chops
2kg Beef Patties
2kg Sirloin

R3 370,05

FAMILY PACK

2kg Pork Chops
3kg Beef Mince
3kg Tex Wors
1kg Beef Sirloin
1kg Club Steak
1kg Tender Steak
1kg Chicken Fillets
1kg Chicken Drumsticks
1kg Lamb Stew
1kg Beef Stew

R1 795,05

BULK ORDERS WELCOME

RANDBURG DELIVERS FOR BULK ORDERS

ORDER TODAY!

079 656 1273 | randburg@texanbutchery.co.za | www.texanbutchery.co.za

Fontainebleau, Cnr Malibongwe Drive & Aimee Street, Randburg

Keep safety part of your summer training

Recent incidents involving attacks on women have once again highlighted the importance of remaining aware of our surroundings when spending time outdoors. This should not discourage people from staying active, but it is a reminder that a few simple precautions can help make outdoor exercise safer.

Safety tips for training outdoors

- Chose safe routes**
Stick to familiar, busy areas with good visibility and security presence.
- Train with a partner**
Exercise with a friend or join a running/walking group where possible.
- Stay alert**
Keep your phone away and music at a low volume so you can stay aware of your surroundings.
- Tell someone your plans**
Let a friend or family member know where you're going and when you expect to be back. Share your live location if needed.
- Keep your phone accessible**
Carry a fully charged phone for emergencies, but avoid displaying it unnecessarily.
- Add an extra layer of protection**
Fidelity SecureMe and SecureMe Plus provide access to emergency assistance when you need it. Giving you added peace of mind while you're out and about.
- Change up your routine**
Vary your route and training times occasionally to avoid becoming predictable.
- Train in daylight**
Where possible, exercise while the sun is up and avoid isolated areas after dark.

EMERGENCIES: 086 12 12 401

adt.co.za | 086 12 12 400

Tanja
0727640806

OUR DELICIOUS FLAVOURS

COTTON CANDY

MARCH MALLOW

CUPPACHINO

CRUNCHY

COCONUT

CARAMEL CRUNCH

WITH VANILLA, SEA SALT OR CARAMEL

LUXURY IN EVERY CRUNCH

GOLDEN Kernel
GOURMET POPCORN
Tanja - 0727640806

coolideas

YOUR FIBRE GUY

LA COURONNE DENTAL CARE

Is **verstandtande**,
draadjies of **Invisalign**
in jou toekoms?

Ons bied:

- **Verstandtand-verwyderings** in stoel of teater
- **Draadjies** vir reguit tande
- **Deursigtige belyners** b.v. **Invisalign** vir reguit tande

Bel ons vandag om
jou afspraak te maak:

011 792 2555

Whatsapp: 079 412 9156

168 Oak Avenue, Robin Acres, Randburg

info@lacouronnedental.com : www.lacouronnedental.com





NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS



(011) 782 9160



admin@nhsfonds.co.za



noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

NG KERK RANDBURG

Kersmark

Hoek van Doverstraat en Vinelaan, Ferndale

SATERDAG 31 OKTOBER

08H00 - 14H00

SANBS

SANBS SAL DAAR WEES OM JOU BLOED TE KOM INNEEM.

HEERLIKE KOSTALLETJES

Pannekoeke, kerrie en rys, worsrolle, vetkoek, kerrie maalvleis, koek en tee/koffie tuin en baie meer!

BAIE KUNS EN HANDWERK

Pragtige handgemaakte items, Kersgeskenke en unieke produkte!

Die Loslit DANS ORKES

SAL VIR ONS WEES VIR DIE DAG VIR LEKKER MUSIEK.

Bring jou familie en vriende en geniet 'n wonderlike dag!

Run Wild!

Matric 2026

School's Out!

7 - 14 DECEMBER 2026



A WEEK YOU WILL ACTUALLY REMEMBER!


This week is for matrics who want their matric vac to be one to remember!

Real bush, real adrenaline, real people, loads of fun!

BOOK NOW



WWW.FUTURELEADERSGYP.COM/RUN-WILD/



the backyard
ON KESSEL

— SCHOOL HOLIDAY PROMO —

1 – 18 DEC 2026

EXCLUDES WEEKENDS

Book your special event (baby shower, kiddies party, birthday party, ladies teas, bridal showers, conferences/workshops) over any of the following days and receive

30% DISCOUNT

on any package that you choose.

Although The Backyard on Kessel is a self-catering venue, we offer Décor, should you wish to make use of the venues décor.

BOOK NOW TO SECURE 30% DISCOUNT



Facebook:
The Backyard on Kessel



Number:
078 041 2476



TONGUE IN CHEEK MEDIA

— 360° MEDIA HOUSE —

Ordinary is expensive.

*We build brands
impossible to ignore.*

Connecting strategy, creative, media, content and experiences under one single accountable roof.



STRATEGY
Audience profiling
& campaign
architecture



CREATIVE
Big ideas &
integrated
campaign platforms



MEDIA
TV · Digital · Radio
OOH · Print &
Partnerships



CONTENT
Video production
Podcasts &
social content



EXPERIENCES
Brand activations
Events &
sponsorships



PERFORMANCE
Live reporting
& optimisation

ONE SPACE. EVERY POSSIBILITY.

More than media. A partner in growth.

- ✓ Strategic thinking. Real solutions.
- ✓ Creative that connects.
- ✓ Media that delivers.
- ✓ Content that builds brand love.
- ✓ Experiences that create lasting impact.
- ✓ One accountable partner.

Let's create what's next.



082 884 4666



warren@ticmedia.co.za

BRAND
PEOPLE
IDEAS
RESULTS

NOVEMBER 2026

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
						1
2	3	4	5	6	7	8
			Gr 7 Ouer Inligtingsaand		Seunskrieket vs St. Benedicts Skiet jaareindfunksie in Atrium	
9	10	11	12	13	14	15
				Netbalafsluiting 17:00 Atrium		
16	17	18	19	20	21	22
					Kunsuitstalling – Blouster	
23	24	25	26	27	28	29
					Kunsuitstalling – Blouster Laudem Dei AGM & Jaareindfunksie – Klubhuis 10:00	
30						
Koorkamp – Hartbeesfontein Voortrekkerplaas						